

Sing vooraf staande: Psalm 1:1, 2 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^ein psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeeek.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Skriflesing: Levitikus 2

Kernverse: Levitikus 2:13

**Gooi sout by al jou graanoffers. Die sout herinner aan die verbond met jou God;
moenie dat dit in jou graanoffers ontbreek nie. Bied sout aan op al jou
graanoffers. (Levitikus 2:13 AFR 1983)**

Tema: Ons daaglikse werk in diens van die HERE

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die woordjie *werk* veroorsaak 'n klomp reaksies by mense. As jy vir 'n tiener werk in die huis gee, hang die skouers en word dit brom-brom gedoen. So voel baie grootmense ook oor hulle daaglikse werk. Daar is ook mense vir wie werk lekker is of wat sal wil gee net om 'n werk te kan hê.

Ja, as 'n mens van werk praat, het mense verskillende reaksies daarop. Vir party mense is werk 'n ergernis, want die werk is moeilik en uitputtend. Hierdie mense sien net die vloek raak wat daar oor die werk van die mensdom gekom het sedert die sondeval. Na die sondeval het die Here die aarde vervloek oor die mens se sonde en gesê **met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, net deur harde werk sal jy kan eet**. Vir die mens wat net die vloek raaksien, is werk nie lekker nie, maar hulle doen dit nou maar omdat hulle moet lewe. Met 'n swaar gemoed staan hulle elke oggend op om die werk te gaan doen en kan nie wag dat die werksdag verby kom nie.

Dan is daar weer ander mense vir wie hulle werk alles in die lewe is. Hulle gee hulleself behoorlik oor aan hulle werk en alle ander dinge moet maar 'n minder belangrike plek in hulle lewens kry. 'n Mens kan sê dat werk vir hierdie mense 'n afgod geword het. Hulle bestee die meeste van hulle tyd en energie aan hulle werk, en hulle gesinne en gesondheid ly daaronder. Selfs die Here en die diens aan Hom saam met ander gelowiges moet maar tweede viool speel by hierdie mense. Oor hoekom werk vir hulle so belangrik in hulle lewe is, sal hulle vir jou 'n klomp redes kan gee.

Daar is ook 'n ander groep mense wat dink dat hulle werk so goed en wonderlik is dat hulle, om die waarheid te sê, die Here daarmee wil omkoop. Hierdie mense dink dat hulle met hulle werk hulleself vir die Here aanvaarbaar maak. Hulle is van mening dat die Here nie kan bekostig om hulle nie op grond van hulle werk te aanvaar nie.

Broer, suster en kind, wat ook al jou siening van werk is, die Heilige Gees wil vir ons met die graanoffer en die betekenis daarvan lei om die regte uitkyk op ons daaglikse werk te kan kry. Ons gaan kyk waar pas ons daaglikse werk in diens van die Here in.

Die graanoffer is, net soos die brandoffer waarby ons verlede Sondag stilgestaan het en die maaltydoffer wat in die volgende hoofstuk beskryf word, 'n vrywillige offer. In die vrywillige offers gaan dit oor die spontane reaksie van die gelowige op die genade en liefde wat hy of sy van die Here ontvang. Omdat die Here sy volk verlos het en Hy hulle met sy eie hand onderhou en versorg, wil hulle ook hulle dank en lof aan die Here bring. Aangesien die Here net die beste verwag wanneer sy mense Hom dien, gee Hy aan hulle duidelike voorskrifte oor hoe hulle hulle dank en lof met die vrywillige graanoffer kan bring. 'n Vrywillige offer beteken glad nie dat die Here maar gedien kan word soos wat die mens self goeddink nie. Daarom gee die Here ruimte sodat almal wat 'n graanoffer wil bring, dit kan doen, maar Hy gee ook spesifieke riglyne oor hoe dit gedoen moet word.

Die ruimte wat die Here gee by die graanoffer word duidelik uit die drie verskillende soorte graanoffers wat gebring kan word. Dit kan rou meel wees, of brode en roosterkoeke wat in die oond, op 'n bakplaat of in 'n pan gebak is, of dit kan gebraaide of gestampde koring wees. Die Here gee ruimte sodat elkeen wat 'n graanoffer wil bring, die geleentheid het om dit te kan doen. Maar dan is die Here ook spesifiek: die meel moet fynmeel wees as dit rou meel is, of brode en roosterkoeke wat ook met fynmeel gemaak is. En as dit gebraaide of gestampde koring is, moet dit uit die eerste opbrengs van die oes wees. Die Here verwag die heel beste van die gelowige se diens. Uit die verskillende soorte graanoffers hoor ons dat die Here wil hê elke gelowige moet die geleentheid hê om Hom te dien. Rou fynmeel is iets wat iemand wat koring gemaal het, sal kan offer, dit wil sê 'n meulenaar. Wanneer daar van gebakte brode of roosterkoeke gepraat word, dink ons onwillekeurig aan 'n huisvrou wat graag bak. Daarom gee die Here ook aan vrouens geleentheid om Hom met 'n

graanoffer te kom dien. Gebraaide of gestampde koring is die graanoffer wat iemand sal bring wat op die lande werk.

Saam met twee van hierdie soorte graanoffers moet daar ook wierook geoffer word. Die aroma van die wierook wat brand saam met 'n deel van die graanoffer is simbool daarvan dat die offer vir die Here aangenaam is. Hy waardeer dit om op 'n menslik verstaanbare manier hieroor te praat. Verder hoort daar ook olie by elkeen van hierdie soorte graanoffers. Afgesien daarvan dat olyfolie 'n algemene bestanddeel by alle graanprodukte was, mag ons die betekenis wat die Here aan olie gee, nie miskyk nie. Olie word baie maal in die Bybel gebruik om te wys op die Heilige Gees en sy werk. Wanneer iemand byvoorbeeld gesalf is as koning of profeet, is olie gebruik as teken van die Heilige Gees wat daardie persoon bemaagtig om die diens te vervul.

By die graanoffer herinner die olie ons daaraan dat wat ons ook al as geskenk aan die Here gee, dit as gevolg van die Heilige Gees se werk in die gelowiges is en nie omdat die mens van nature die Here se aangesig opsoek nie. Verder verwys die olie ook daarna dat die Heilige Gees dit wat maar eenvoudige mensewerk is, omvorm tot iets wat vir die Here aanneemlik en aanvaarbaar is.

Die Here plaas ook 'n duidelike verbod op die gebruik van suurdeeg of heuning by enige van die graanoffers wat vir Hom aangebied word. Suurdeeg word baie maal in die Bybel gebruik as 'n teken van slegte en sondige invloed. Die een wat offer, moet daarom erns maak met dit wat verkeerd is in sy en haar lewe. 'n Mens kan nie maar somer net die graanoffer bring so asof alles tussen jou en die Here honderd persent reg is en jy geen sonde het nie, of so asof die Here maar tevrede sal wees met jou sondige lewe nie. Die Here haat sonde, daarom verbied Hy suurdeeg by die graanoffers. Om dieselfde rede verbied Hy ook heuning, want heuning het ook die vermoë om iets te laat gis.

Geliefdes, by alles wat by die verskillende graanoffers kan en moet wees en by dit wat die Here uitdruklik verbied, is daar een bestanddeel wat die gelowige nie mag vergeet nie – sout. By al die graanoffers moet daar sout gegooi word. Die bedoeling van die sout word duidelik vir ons gesê: Die sout herinner aan die verbond met jou God. Sout het die vermoë om iets te bewaar vir 'n baie lang tyd. In die dae voordat daar yskaste was, is vleis met sout gepekel sodat dit nie moet sleg word nie. Die Here bedoel ook met sy verhouding – sy verbondsverhouding met die gelowige – om die gelowige te bewaar vir ewig. Daarom sê die Here vir die gelowige: Ek is jou God en jy sal my kind wees vir ewig. Ek wil jou vir altyd oppas en bewaar en jy moet My vir ewig dien en liefhê. Die sout in die graanoffers herinner die gelowige dus aan sy kant van die verbond wat die Here met hom en haar het. Die gelowige moet die Here vir ewig liefhê en dien – hy en sy moet kind van God bly.

Een laaste saak oor die graanoffers self: By elkeen van die drie soorte graanoffers is net 'n deel van die graanoffer saam met al die wierook op die altaar verbrand. Die oorblywende deel van die graanoffer is vir Aäron en sy seuns. Hierdie vrywillige offer van die Israeliete se handewerk aan die Here was die Here se manier om vir sy priesters te sorg. Aangesien die priesters nie in 'n werk betrokke was waarin hulle deur landbou of handelsdryf in hulle eie onderhoud kon voorsien het – hulle het immers voltyds diens gedoen by die tempel – het die Here self in hulle onderhoud voorsien, onder andere deur middel van die graanoffers.

Broers, susters en kinders, die graanoffer was in wese 'n geskenk aan die Here. So word die graanoffer ook in die oorspronklike taal genoem. Hierdie geskenk is vrywillig aan die Here gegee as 'n eerbetoning en dankbetuiging. Met hierdie geskenk het die gelowiges van ouds erken dat die Here alleenseggenkap oor hulle lewens het. Hulle wat alles ontvang het van Hom wat alles gegee het, het met die graanoffer dankie gesê. Daarmee het die Israeliete bely dat hulle nie sonder die Here kan lewe nie. Dit is die Here wat vir hulle die krag gegee het om die landerye te bewerk, te plant, te oes, te maal en te bak. Dit is die Here wat die graan laat groei het, want Hy het reën gegee op die regte tyd. Sonder die Here sou hulle nie eers brood gehad het nie. En saam met die belydenis was

die graanoffer ook 'n gebed – 'n gebed dat die Here steeds kragtens die verbond hulle God sal bly en Homself nie van hulle af sal terugtrek nie.

Nou kan ons vra, maar watter betekenis het die graanoffer vir ons as Christene. Ons bring tog nie meer graanoffers nie. Hoe is ons daaglikse werk dan in diens van die Here? Geliefdes, die bring van 'n eenvoudige geskenk van meel of brood was 'n erkenning dat die Here seggenskap het oor die hele lewe van die gelowige. 'n Gelowige se verhouding met die Here is nie iets wat in 'n kompartement gemerk “geestelik” gehou word nie. Met die graanoffer is die roetine van elke dag se werk in die teenwoordigheid van die Here gebring en aan Hom oorgegee as 'n daad van aanbidding omdat Hy Here is oor alles.

Broer, suster en kind, jou en my liefdegawe wat ons in die kollekesakkie onder die erediens en by die deure ingooi, is eenvoudige geldstukke. Jou en my maandelikse dankoffer wat ons in die koevert gee of direk in die rekening van hierdie gemeente inbetaal, is eenvoudige geld. Maar dit is geld wat ons deur ons daaglikse arbeid in die fabriek, in die kantoor of in die winkel verdien het. Daardie geld wat ons as salaris ontvang het, is die loon op die roetine van elke dag opstaan en werk. Hierdie geld wat ons uit vrymoedigheid vir die Here kom gee, is deel van ons dankie sê vir die Here. Dankie dat Hy vir ons 'n werk gegee het; dankie dat ons die krag en talente het om die werk te kan doen; dankie dat ons nog 'n werk het terwyl daar so baie ander is wat skielik nie meer 'n werk het nie.

Met ons offergawes in die kollekesakkies en koeverte erken en bely ons dat die Here seggenskap oor ons lewe het, want as Hy ons nie versorg het nie, sou ons niks gehad het om van te lewe nie. Wanneer ons die offergawe gee, doen ons dit ook biddend: Here, laat ons ons werk behou. Moenie u hand van genade en seën van ons af terugtrek nie, want dan sterf ons. Met ons liefdegawe in die kollekesakkie en ons maandelikse dankoffer bring ons ons daaglikse werk in die teenwoordigheid van die Here. En wanneer ons die geld gee, is dit deel van ons aanbidding van die Here omdat Hy Here is oor alles.

Dit bring ons, geliefdes, by ons werk en ons aanbidding. Met die bring van ons offergawe erken ons dat die Here die eintlike Versorger is. Maar dit staan in 'n sekere mate in spanning met die feit dat dit wat ons as offergawe gee die resultaat is van ons eie liggaamlike inspanning. Met die graanoffer was dit dieselfde. Alhoewel die Here die oorsprong van alles is, was menslike krag en werk betrokke om uiteindelik die offer op die altaar te bring. Wanneer 'n mens jou offergawe aan die Here so sien, is dit regverdig om te sê dat die bring van jou offer eintlik 'n toewyding van jou werk aan die Here is. Deur middel van die offergawe bring ons die talente wat ons in ons daaglikse werk gebruik as 'n geskenk vir die Here en Hy aanvaar dit.

Volgens die Bybel is werk nie 'n noodsaaklike euwel nie, maar eintlike 'n daad van aanbidding. Die vloek wat oor die mense se werk gekom het en ons werk bemoeilik het, het nie die doel van ons daaglikse werk weggeneem of verander nie. Die doel van ons daaglikse werk is steeds om die Here daarmee te dien. Hoe vervelig jou werk soms ook al vir jou word en hoe erg moeilik dit ook al mag wees, doen dit met die wete dat jy dit vir die Here doen. Dit is immers die onderrig wat die Here deur Paulus aan die Christenslawe in Kolosse gegee het toe hy gesê het: **wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het.** Wanneer ons ons daaglikse werk doen asof ons vir die Here alleen werk, voer ons ons opdrag gehoorsaam uit en is ons gehoorsaamheid 'n offer met 'n lieflike geur vir die Here.

Nou kom daar egter 'n ander dimensie by. As ons offergawe net soos die Israeliete se graanoffer deur die Here aanvaar word en ons offergawe net soos die Israeliete se graanoffer resultaat is van ons harde werk, beteken dit dat ons eie werk ons aanvaarbaar by die Here maak? En beteken dit dat die Here ons aanvaar op grond van ons eie harde werk? Geliefdes, dit moet ons egter baie duidelik

raaksien: Wanneer die Here onderrig gee oor die graanoffer, praat Hy nêrens van versoening vir ons sondes nie. Daarom kan niemand ooit met die argument kom en sê dat hy of sy so 'n groot offergawe gegee het en daarom moet die Here hom of haar aanneem nie.

Daar is twee redes hoekom ons eie harde werk nie ons verlossing kan verseker nie. Die graanoffer is weinig alleen as offer vir die Here gebring. Die meeste kere was die graanoffer 'n bykomende vrywillige offer saam met een van die ander offers wat bedoel was as versoening vir die sondes. Ons werk, hoe waardevol dit ook al mag wees, kan nooit enigiets bydra om verlossing van sondes by die Here te kry nie. Net die volmaakte werk van Jesus Christus het vir ons die verlossing van ons sondes by die Here verdien.

Die tweede rede sien ons in die handeling by die altaar. Die gelowige mag nie self die deel van die graanoffer saam met die wierook op die altaar plaas om verbrand te word nie. Die graanoffer is na die priester gebring en hy het 'n deel van die graanoffer op die altaar geplaas om verbrand te word. 'n Middelaar was nodig vir die gelowiges van ouds. Ons offergawes aan die Here kan alleenlik voor Hom gebring word deur die middelaarswerk van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus. Net Jesus se volmaakte offer versoen God met ons en maak ons aanvaarbaar in die Here se teenwoordigheid.

In die laaste plek, maar nie minder belangrik nie, moet ons raaksien watter plek ons daaglikse werk in ons lewens mag inneem. Met die graanoffer leer die Here ons dat ons werk nie 'n doel op sigself is nie. Al ons energie en tyd moenie deur ons daaglikse werk opgebruik word nie. Die Here wil hê dat ons ons werk deur middel van ons offergawe na Hom toe sal bring sodat ons nie onself met ons werk dien nie, maar die Here daarmee dien. Wanneer ons deur ons maandelikse offergawe en ons liefdegawe in die kollekesakkies bewustelik ons daaglikse werk vir die Here bring, behou ons die regte perspektief op ons werk. Ons mag nie toelaat dat ons deur ons werk so vasgevang word dat ons vir niks en niemand anders meer tyd en krag oor het nie.

Geliefdes, met die brandoffer leer die Here ons om onself geheel en al net aan Hom alleen toe te wy. Met die graanoffer leer die Here ons om ons daaglikse werk geheel en al net aan Hom toe te wy. Met ons daaglikse werk staan ons in diens van die Here, want met die resultate van ons harde werk kom ons om die Here te dien deur middel van ons offergawes.

Amen!

Slotgebed

Psalm 128:1, 4 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 Oktober 2011